FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Baie dankie vir die bestellings wat u deurgegee het. Ons beplan om **Woensdag 5 Maart** vanaf **10:00** die oggend by die kerksaal die vleis te braai en daarna die burgers te bou. Lidmate wat wil betrokke raak en bydraes maak, kan op die volgende wyse help:

- Braaiers is altyd welkom.
- Hande om te help burgers bou, verpak en die korrekte bestelling op te maak.
- Skenkings van vleis (patties), margarien, blaarslaai, tamaties en brikette

word verwelkom (kontak ds. Jannes 072 224 7181 of Yolandé 084 597 8903 om uit te vind hoeveel word benodig).

- Gebraaide en gegeurde uie word voorsien.

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer!

VAN ONS SUSTERS

SUSTERSAAMTREK:
Saamtrektyd is nou naby!
Die reëlings is as volg:
Ons kom op **Saterdag 8 Maart om 06:00** by **Huis Eikelaan** bymekaar. Kontak my asb as jy 'n geleentheid tot daar nodig het.
Daar klim ons almal op die bus en vertrek Koster toe. Dit gee ons ruim tyd om betyds daar te kom. Ons laai ook 2 susters langs die pad op.
Ons behoort darem nog met lig tuis te wees!
Baie dankie vir Wymie wat al hierdie reëlings vir ons getref het.

WYKSUSTERS:
Ons benodig nog 2 wyksusters.
As jy jou weg oopsien om 'n wyksuster te wees, kontak my asseblief?
Ons sal die wyksusterlys volgende week in die Kerkwerf plaas.

SUSTERSBYEENKOMS:
Ons hou ons eerste sustersbyeenkoms DV op **Saterdag, 15 Maart.**
Dit gaan 'n heerlike geleentheid wees, hou die datum oop en die spasie dop.
Ons wil graag al die susters daar hê.
Meer besonderhede in volgende Sondag se Kerkwerf.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 8. Sondag 2 Maart 2025
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan.
Ouderling: Wyk 13 **Paul Schutte. Diaken:** Wyk 13 **Koos Nortjé**
Skinkbeurt: Wyke 1 en 2 **Wyksusters Ina Roos en Malie Wyma**
Diens by Huis Eikelaan om 15:30 ds Fanie Coetzee

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Ons is dankbaar dat prof. Callie vanoggend weer sy preekbeurt in die midde van die gemeente waarneem, en bid hom ryke seën op die Woordbediening en sy kosbare dienswerk in die gemeente toe.
Vooraf sang: Psalm, 92: 1. **Skriflesing:** Esegiël 47
Sang tydens die diens: Psalm 146: 1, 8; Psalm 25: 2; Psalm 48: 1, 5; Skrifberyming 45: 1, 2, 3, 5 (18/7)
Sang met meelewing: Psalm 138: 4

AAND: Woordbediening: Matteus 1.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 4.
TEMA: ***Die wonder agter die oneindige krag en waarde van die offer van Christus***.
Sing: Psalm 97:1, 7; Psalm 149:1, 2; Skrifberyming 4-8: 1, 2 (5); Skrifberyming 3-2: 1, 2, 5, 6 (63) (melodie Skrifberyming 3-5/Gesang 34); Psalm 91: 1, 8 (na die wegstuurseën).

Erediens by Huis Eikelaan om 15:30 gelei deur Ds. Fanie Coetzee

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die *DEP JEUGSORG*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week se Spesiale kollekte is vir die *Dankbaarheidsfonds*

Erediens by Huis Eikelaan: Sondag 2 Maart 2025
Ds. Fanie Coetzee van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Die Bult neem vandag om 15:30 die erediens in die Kapél by Huis Eikelaan waar. Ouderlinge Danie Erasmus, Nico Spaumer en Chris J van Ryssen sal die toesigbeurt onderling reël.

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen gereeld voorbidding vir ons lidmate in die verskillende versorgingseenhede. Daar is egter 'n versoek ontvang dat ons ook van tyd tot tyd die name van hierdie lidmate sal noem sodat ons gemeente nog meer konkreet met hulle en hulle dierbares kan meeleef. Ons voldoen hiermee graag aan die versoek. In die **Versorgingseenheid van Huis Eikelaan** is Bennie Brummer (sy vrou Sarie woon in die toringblok), Annatjie Coetzee, Tjaart du Plessies (sy vrou Ettie woon in Simpleks 1), Lina Minnaar, Pollie Chaslund, Naomi Fraser, Mien Prinsloo, Hermien van der Spoel, Johanna van Vuuren, Mari Stols en Suzette van Blerk (haar man Gert woon nog in hulle huis).

In **Saddle Brook** word Dora Reynecke versorg en in **Groen Wilgers** Annetjie Kruger.

In **Huis Anna Viljoen** word Peet en Elsie Buys versorg, asook Nan du Plessis, Emmerentia Stoop en Tienie Venter.
Mag ons troue Verbondsgod aan elkeen van hierdie lidmate saam met hulle dierbares elke dag sy heil en bystand stuur.

Hierdie lidmate word in besonder deur Prof Callie bedien, saam met al die ander lidmate van **Huis Eikelaan, Huis Anna Viljoen en ons Hulde,** wat nie in die versorgingseenhede is nie.
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Jesse Niemand moet op 11 Maart 'n prosedure in Klerksdorp ondergaan en begin hierdie week met die voorbereidings vir hierdie prosedure. Ons verseker Jesse en Stienie van ons voorbidding vir hulle.

Klaas Wyma het Donderdag 'n oogprosedure in Klerksdorp ondergaan. Dit is ons bede dat Klaas deur hierdie behandeling lewenskwaliteit mag ontvang.

Suzie Marais ondergaan Vrydag 'n prosedure in Wilmedpark Hospitaal. Ons verseker haar en Karel en al hulle geliefdes van ons voorbidding vir hulle.

Willem Serfontein is die afgelope Maandag uit Wilmed Park ontslaan en ons is baie dankbaar vir die vordering met die herstel van sy knie. Hy moet egter waarskynlik eerskomende Woensdag weer opgeneem word vir 'n veloorplanting en ons verseker hom en Ria en hulle dierbares van ons voorbidding.

Sarie Spaumer moet môre (3 Maart) 'n heup-vervanging ondergaan. Ons bede is dat dit geseënd sal verloop en ons bid haar en Nico en hulle dierbares krag en genade toe, ook met die herstelproses.

Ons is saam met **Loffie en Tillie Eloff** baie dankbaar dat hulle met Loffie se besoek aan die spesialis die afgelope week, die goeie nuus ontvang het dat die kanker volledig met chirurgie verwyder kon word. Vir die volgende aantal maande moet Loffie homself rustig hou. Ons is ook saam baie dankbaar dat Tillie goeie herstel na haar knievervangingsoperasie ontvang. Loffie en Tillie het gevra dat hulle diepste dank oorgedra moet word vir meelewing wat hulle vanuit die gemeente ontvang.

Ons is baie dankbaar dat **Mariaan Roscher** Donderdagoggend laat uit M Care Hospitaal ontslaan kon word en nou verder tuis aansterk.

Anita Stavast het die afgelope week 'n opvolgbesoek by die ortopediese chirurg gehad en ons is saam met haar en Harm baie dankbaar vir die beterskap wat sy ná haar operasie ontvang het.

Jan Kroeze word nog steeds in Wilmedpark Hospitaal behandel teen infeksie in een van sy niere. Daar word nog gewag vir die antibiotika wat toegedien moet word. Ons verseker Jan en Petro en hulle geliefdes van ons voorbidding vir hulle.

Ons doen voorbidding vir **Bennie van der Berg** wat, ondanks die prosedure van 'n paar weke gelede, nog steeds baie pyn moet verduur.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons is saam met **Nelis en Dina Coetsee** baie dankbaar vir die herstel en lewenskwaliteit wat hy ná die operasie wat hy ondergaan het, ontvang het. Daarby deel ons ook in Nelis se vreugde en dankbaarheid ná die verwerwing van sy landboudiploma waarin hy ook in baie van sy vakke onderskeidings behaal het!

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons betuig ons innige meegevoel met **Wynand Putter** en sy dierbares. ’n Suster van hom is die afgelope week oorlede na ’n swaar lyding. Mag ons hemelse Vader Wynand en sy familie ryklik vertroos in hierdie tyd.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!

Woensdag herdenk **Frikkie en Erna Venter** 31 jaar van huweliksvreugde.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

WYKSINDELING

Ons het aan die einde van 2024 berig dat die vergadering van ouderlinge en diakens opdrag gegee het dat die indeling van wyke hersien moet word. Die toenemende aantal vakante wyke by die diakonie en die ouderlinge het dit genoodsaak. Die hersiene wyksindeling tree hierdie week (die begin van die gemeente se finansiële jaar) in werking. Ons het begrip vir die aanpassing wat dit gaan verg; ook vir die feit dat daar ’n besondere band tussen lidmate/gesinne en hulle ouderling/diaken gesmee is. Tog is daar ’n groot wins: die gemeenskap van gelowiges groei, nog een broer met wie die gesin ’n besondere band gebou het, kan nou in die gemeenskap van gelowiges uitgebou en versterk word. ’n Beknopte indeling van die wyke verskyn as bylaag in *Op die Kerkwerf*. In die lig van twee vakante wyke is die indeling van ouderlinge en diakens nog nie finaal nie; dit sal later deurgegee word.

GEROEP TOT DIENS VAN OUDERLING

Die kerkraad het Sondagaand 16 Februarie besluit om die name van diaken **Koos Nortjé** en **Gerrit Badenhorst** ter approbasie aan die gemeente vir die diens van ouderling voor te hou. As daar nie wettige besware teen die broers ingedien word nie, en hulle die roeping opvolg, sal die broers DV op Sondag 16 Maart 2025 tydens die oggenddiens as ouderlinge bevestig word.

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	02/03	08:30	Hoërskoolkatkisasie Les 4	Bovertrek
		10:50	Laerskoolkatkisasie Les 4	Bovertrek
Di	03/03	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
Wo	05/03	18:00	Bybelstudie (Profetiese rede, nr 4)	Konsistorie
Wo	**05/03**	**10:00**	**RIBBURGERS**	**Kerksaal**
Do	06/03	19:00	Ds Jannes: Visitasie GK Potch-Suid	
Sa	08/03	08:00	SUSTERSAAMTREK	GK Koster
Di	11/03	18:00	Klassis Potchefstroom vergader	GK Cachet

Ds. Jannes sal vir die eerste twee weke van Maart meer van sy tyd in diens van die kerkverband gebruik om deputatewerk af te handel met die oog op die Klassisvergadering van 11 Maart, voorbereiding van rapporte vir Algemene Sinode (Deputate Almanak en ook Deputate Liturgiese Sake) en ook reëlings met betrekking tot die sitting van die Streeksinode wat ons as gemeente op 18 November hier sal ontvang.

KATKISASIE	Sondag 2 Maart	Sondag 9 Maart 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 5	Les 6
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 5 Psalm 42: 1, 5 Sondag 5 Onse Vader, 4de bede	Les 6 Psalm 42: 1, 5 Sondag 6 Onse Vader, 5de bede

BYBELSTUDIES

Dinsdag om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag om 18:00 in die konsistorie

Almal is by beide hierdie geleenthede hartlik welkom

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Ma	03/03	**Sophia Jooste (1),** Wyk 8
Di	04/03	**Loffie Eloff,**. Wyk 9
		Flippie Opperman,. Wyk 12
Wo	05/03	**Andries de Klerk,**. Wyk 7
Do	06/03	**Tom Chambers,**. Wyk 5

Bede met meelewingPsalm 31: 15 en 19

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

ATTESTATE **Attestaat ontvang:**

Ons verwelkom vanaf die Gereformeerde Kerk Alberton-Wes **Adelé Havenga**; woonagtig te Waterberry Hights 427.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Christene waag dit om Jesus in die donkerste plekke te deel

Het jy geweet dat **een uit sewe Christene wêreldwyd vervolg word, en meer as 380 miljoen Christene ondervind hoë vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof?**
Gelowiges waag dit om Jesus te deel op die gevaarlikste plekke om 'n Christen te wees. Hulle bring die lig van Jesus na die donkerste plekke. Hulle dien in ondergrondse kerke. Hulle waag hul lewens elke dag. Mense soos Zahra* van Jemen, wat vroue besoek om hulle van Christus te vertel. "Ek is vasbeslote om ten spyte van die risiko's te bly, want almal verdien om van God se liefde te hoor," sê sy.
Mense soos Fatemeh* van Iran, wat 'n geheime huiskerk lei. Sy sê: "Ek is nie bang om my lewe vir Jesus te verloor nie."
Mense soos Paulos* van Eritrea, wat al jare op die Wêreld-waarnemingslys Top 10 is. "Soms dink ek daaraan om te gaan," sê hy, "maar wie sal dan die Evangelie verkondig?"
Maar hulle hou aan, ondersteun deur mense soos jy.
Ek en jy sal dalk nooit in 'n land op die Wêreldwaarnemingslys Top 10 woon, waar Christene uiterste vervolging in die gesig staar, nie. **Maar jou geskenk vandag kan die mees vervolgde gelowiges versterk . . .**
Sal jy saam met gelowiges staan wat dit waag om Jesus te deel, ongeag die koste?
GEOPENDE DEURE: Nedbank Besigheidsrekening (198765)
Geopende Deure - Open Doors NPC.